EDUDOME



Edudome (Planetarium)

gaan ons skool besoek op:

17 Oktober 2017 word beplan vir die **Juniors** en

18 Oktober 2017 vir die **Seniors.**

KOSTE: R20-00 per kind.

Hierdie interessante inligting oor ons

STERRESTELSEL kan regtig aanbeveel word!

Komaan julle - daar kan net baat by gevind word vir skooldoeleindes ook!

☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆ ☪ ☯ ☆

TALENTKOMPETISIE - ALBERTON CITY

PAMFLETTE VIR TALENTKOMPETISIE IS OOK UITGEDEEL !!

- Let wel dat die **"Pre Registration"** is op **Vrydag 20 Oktober** vanaf **2uur – 5uur** op die "upper level" van Woollies
OF
Facebookpage for
ALBERTON CITY

Steynegroete

STEYNTJIENUUSBRIEF 33

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

12 Oktober 2017

AKADEMIE

Welkom terug aan almal en sterkte vir die vierde kwartaal. Dit gaan 'n besige kwartaal wees. Werk hard want die eksamens lê om die draai!

OUER – BEGROTINGSVERGADERING

Ons begroting vir **2018** word op **2 November 2017** aan die ouers voorgehou.

- Ouers word gevra om die vergadering om **18:00** in die personeelkamer van die skool by te woon.
- Indien daar nie 'n kworum bereik word nie sal die 2de vergadering dan plaasvind op 16 November om 18:00.

SKOOLGELDE

Baie dankie aan almal wat pligsgetrou skoolgelde betaal het deur die jaar.

Neem asb in ag dat **skoolgelde betaalbaar is oor 10 maande,** wat beteken dat skoolgelde teen einde Oktober opbetaal moet wees.

- **LW! Spesifeer** asb met enige EFT inbetalings waarvoor dit is.
- **Skoolgelde het 'n Rek no.**
  - Oorhandigings van uitstaande rekeninge vind dus vroeg in November plaas. Ons hoop dat u die saak met erns sal opneem.

SPORT

KRIEKET

Geluk aan ons SOR 0/11-13 seuns wat skoonskip gemaak het by die Easterns proewe. Ons wag in spanning om te hoor wie in die Eastern Spanne opgeneem is.

ATLETIEK

KLEUTERATLETIEKDAG: 14 OKTOBER 2017

Ons nooi ons VOORSKOOLSE KLEUTERS en ouers na ons KLEUTERATLETIEKDAG vir Gr R, RR en RRR te Laerskool President Steyn.

- Kleuterskole het reeds hul uitnodigings ontvang.

Dit gaan plaasvind op **Saterdag 14 Oktober 2017**

TYD: 08:00 vir 08:30

ATLETIEK BYEENKOMSTE:

2 byeenkomste:

Wo	18/10	TUIS teen L/S Impala - 14:00 – 18:00
Sa	21/10	**SUPERREEKS te GERMISTON STADION 08:00 - 15:00**

- **Atletiek-oefening** het reeds begin op **Dinsdag 10 Oktober 2017** om **14:00 – 16:00.**

Atletiekoefeninge vir 4de kwartaal:

JUNIORS: Ma tot Do : 13:10 – 13:50
SENIORS: Ma tot Do : 14:00 – 16:00

HOKKIE

Sterkte aan ons 0/11 en 12 dogters wat Vr en Sa aan die Oos-Gauteng proewe deelneem.

GOLF

Sterkte aan ons 4 manne wat môre aan die Superreeks toernooi te Ruimsig gaan deelneem:

Dillon v Tonder ; Ruben Vorster,
Ruandré Jacobs ; Reinhardt de Wet.

Dis 'n eerste!!!!! So laat die voëltjies reën.

GROEPFOTOS

Soos u weet het ons groepfoto's van ons leerders geneem. Hoe kan u bestel?

- Leerders bestel foto by afrigter teen R25-00 per foto.
- U kan meer as 1 foto bestel.
- Foto's word slegs gedruk op bestelling.
- Transaksie is kontant met bestelling.
- Dit sal waardeer word as u die regte kontantbedrag saamstuur. Nie tjeks nie asseblief!
- Leerders kan foto eers by afrigter besigtig.
- **Ons het die fotos ontvang en word reeds bestel! Vrydag die 20ste Oktober is die laaste om te bestel.**
- Indien u meer as 1 kind het wat foto's wil bestel, moet elkeen die regte hoeveelheid geld hê. Elke afrigter se totaal moet afsonderlik klop. Baie dankie vir u samewerking.

STEYNTJIENUUS KOERANTJIE

Ons jaarlikse skoolkoerant, die Steyntjienuus, verskyn weer in Desember. Leerders moet asb **R5** by hul klasonderwyser inbetaal.

- Sien ook die aparte omsendbrief indien u 'n advertensie wil plaas.
- U kan ook die skool of mev T v/d Hoven kontak.

Gr 7 – ouervergadering - 12/10

Vanaand, Donderdag 12 Oktober, sal daar om 18:00 'n vergadering vir alle Gr 7-ouers in die saal wees. * Eksamendetail ens. word bespreek.